21.10 BESWAARSKRIF (ARTT 31, 33 EN 46) VAN GK NOORDRAND, KLERKSDORP EN WAPADRANT TEEN BESLUITE VAN DIE AFGEVAARDIGDES VAN DIE GKSA IN DIE ALGEMENE SINODE IN 2009 EN IN DIE BUITENGEWONE ALGEMENE SINODE IN 2016

21.10 PETITION OF PROTEST (ARTS 31, 33 AND 46) OF GK NOORDRAND, KLERKSDORP AND WAPADRANT AGAINST RESOLUTIONS BY THE DELEGATES OF THE GKSA IN THE GENERAL SYNOD IN 2009 AND THE EXTRAORDINARY GENERAL SYNOD IN 2016

Aan: Die Algemene Sinode van die GKSA in Januarie 2018 te Potchefstroom. Van: Die Kerkrade van die GK Noordrand, Klerksdorp en Wapadrant. Datum: 26 November 2017.	To: The General Synod of the GKSA in January 2018 at Potchefstroom. From: The Church Councils of the GK Noordrand, Klerksdorp and Wapadrant. Date: November 26, 2017.
Inhoud – Indiening : Beswaarskrif Die volgende inligting word ter toeligting deurgegee rakende die indiening van die Beswaarskrif.	**Contents – Submission : Point of protest** The following information are provided for clarification regarding the submission of the Point of protest.
1. Die Beswaarskrif (KO, art 46) is langs die kerklike weg (KO, artt 30 en 33; Acta 2012:23, 5.2.1) deur die Kerkrade van die GK Noordrand, Klerksdorp en Wapadrant ingedien.	1. The Petition of protest (CO, art 46) is being submitted by the Church Councils of the GK Noordrand, Klerksdorp and Wapadrant in accordance to the ecclesiastical way (CO, art 30 and 33; Acta 2012:23, 5.2.1).
2. Die GK Noordrand het die Beswaarskrif ingedien by Klassis Wesrand van 9 September 2017 en by Streeksinode Randvaal van 21 November 2017.	2. The GK Noordrand submitted the Petition to Classis Wesrand of 9 September 2017 and the Regional Synod Randvaal of 21 November 2017.
3. Die GK Klerksdorp het die Beswaarskrif ingedien by Klassis Noordwes van 19 September 2017 en by Streeksinode Noordwes van 21 November 2017.	3. The GK Klerksdorp submitted the Petition to Classis Noordwes of 19 September 2017 and the Regional Synod Noordwes of 21 November 2017.
4. Die GK Wapadrant het die Beswaarskrif ingedien by Klassis Oostelike Pretoria van 16 Oktober 2017 en Streeksinode Pretoria van van 21 November 2017.	4. The GK Wapadrant submitted the Petition to Classis Oostelike Pretoria of 16 October 2017 and to Regional Synod Pretoria of 21 November 2017.
5. Besluite deur Streeksinodes Noordwes (Notule Streeksinode Noordwes, 15.2, p169) en Pretoria het aan die Kerkrade toestemming gegee om die Beswaarskrif by die Algemene Sinode 2018 in te dien.	5. Resolutions by Regional Synods Noordwes (Minutes 15.2, p169) and Pretoria has given permission to the churches to submit the Petition of protest to the General Synod in 2018.
6. Streeksinode Randvaal het geen besluit oor die Beswaarskrif geneem nie.	6. Regional Synod Randvaal has not taken a decision on the Petition of protest.
7. Die Beswaarskrif word deur die Kerkrade ingedien vir behandeling, deur die afgevaardigdes van die GKSA wat (DV) in die Algemene Sinode in Januarie 2018 in Potchefstroom vergader, in die lig van KO, artt 30, 33 en 46 en die besluit deur die afgevaardigdes van die GKSA in die Algemene Sinode in 2012: *"Sou 'n Beswaarskrif langs die weg van*	7. The Petition of protest is submitted by the Church Councils for treatment by the delegates of the GKSA, meeting (DV) in the General Synod in Potchefstroom in January 2018, in the light of CO, arts 30, 33 and 46 and the decision by the delegates of the GKSA in the General Synod in 2012: *"If a Petition of protest does not receive*

KO, art 33 nie die nodige ondersteuning ontvang nie, en die beswaarde/s nie die advies van die betrokke mindere vergadering kan aanvaar nie, kan die beswaarde/s steeds die Beswaarskrif by die vergadering wat die besluit geneem het vir oorweging indien" (Acta 2012:23, 5.2.2).	*the necessary support along the way of CO, art 33 , and the petitioners can not accept the advice of the minor assembly, the petitioners may still submit the petition to be dealt with by the assembly that took the decision"* (Acta 2012:23, 5.2.2 – free translation from Afrikaans).
Groete in Christus	Greetings in Christ
Kerkrade van die GK Noordrand, Klerksdorp en Wapadrant.	Church Councils of the GK Noordrand, Klerksdorp and Wapadrant.

A. INLEIDING: BESWAARSKRIF	A. INTRODUCTION: PETITION OF PROTEST
1. Algemeen	**1. General**
1.1 Die Kerkrade van die Gereformeerde Kerke Noordrand, Klerksdorp en Wapadrant het afsonderlik en gesamentlik na deeglike besinning en oorweging besluit om die Beswaarskrif in te dien.	1.1 The Church Councils of the Reformed Churches Noordrand, Klerksdorp and Wapadrant decided separately and jointly, after careful deliberation, to submit the Petition of protest.
1.2 Die Beswaarskrif word ingedien teen besluite deur afgevaardigdes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) in die Algemene Sinode in 2009 en in die Buitengewone Algemene Sinode in 2016.	1.2 The Petition is submitted in protest against decisions by delegates of the Reformed Churches in South Africa (GKSA) during the General Synod in 2009 and during the Extraordinary General Synod in 2016.
1.3 Die Beswaarskrif word ingedien omdat die bediening van die gesag van Christus in die regering van die Gereformeerde Kerke bedreig word deur kerklike besluite wat valse gesag bedien en met valse gesag op die kerke afgedwing word.	1.3 The Petition of protest is submitted because the administering of the authority of Christ in the government of the Reformed Churches is being threatened by ecclesiastical decisions administering false authority and which are forced upon the churches by false authority.
2. Indiening : Beswaarskrif	**2. Submitting : Petition of protest**
2.1 Die Beswaarskrif word ingedien langs die kerklike weg (KO, artt 30 en 33) in die lig van Sinodebesluite in die verband (Acta 2012:23, 5.2).	2.1 The Petition of protest is submitted along the ecclesiastical route (CO, arts 30 and 33) according to Synodical decisions in this regard (Acts 2012:23, 5.2).
2.1.1 Die Beswaarskrif word ingedien in die lig van KO, artt 30 en 46 en in die lig van die besluit deur die afgevaardigdes van die wat in die Algemene Sinode in 2012 vergader het.	2.1.1 The Petition is submitted in accordance with CO, arts 30 and 46 and the resolution taken by the delegates of the GKSA assembled in the General Synod in 2012.
2.1.2 In die lig van die KO, art 30 is die saak wat die Beswaarskrif ter tafel bring ‘n saak wat meer kerke raak en kan daarom nie deur ‘n Klassis of Streeksinode afgehandel word nie.	2.1.2 In light of CO, art 30 the matter tabled by this Petition is a matter that concerns more churches and therefore it can not be finalized by a Classis or Regional Synod.
2.1.3 Die besluit deur Sinode 2012, *“Sou ‘n Beswaarskrif langs die weg van KO, art 33 nie die nodige ondersteuning ontvang nie, en die beswaarde/s nie die advies van die betrokke mindere vergadering kan aanvaar nie, kan die beswaarde/s steeds die Beswaarskrif by die vergadering wat die besluit geneem het vir oorweging indien”* (Acta 2012:23, 2.2.2) laat toe dat die Beswaarskrif in die lig van KO, art 46 by die Algemene Sinode 2018 ingedien kan word.	2.1.3 The resolution by Synod 2012, *“Sou ‘n Beswaarskrif langs die weg van KO, art 33 nie die nodige ondersteuning ontvang nie, en die beswaarde/s nie die advies van die betrokke mindere vergadering kan aanvaar nie, kan die beswaarde/s steeds die Beswaarskrif by die vergadering wat die besluit geneem het vir oorweging indien”* (Acta 2012:23, 2.2.2) allows the submission of the Petition to the General Synod 2018.

3. Ontvanklikheid : Beswaarskrif (KO, art 46)	**3. Acceptability : Petition of protest (CO, art 46)**
3.1 Verskeie Beswaarskrifte is deur kerke teen die 2009-besluit (Acta 2009:667, 4) ingedien. Dit bevestig dat kerke die besluit nie as gesagvol aanvaar nie.	3.1 A number of Petitions of protest were submitted by churches against the 2009 resolution (Acta 2009:667, 4), confirming that churches do not accept the decision as authoritative.
3.2 Oor die Beswaarskrifte is besluite geneem deur die afgevaardigdes van die GKSA in die Buitengewone Algemene Sinode in 2016 (Acta 2016:50-61, 21.3; 62-70, 21.4; 71-83, 21.5; 96-100, 21.8; 101-127, 21.2; 128-133, 21.3). Met die besluite is die 2009-besluit verdedig en besware daarteen afgewys.	3.2 The delegates of the GKSA, assembled in the Extraordinary General Synod in 2016, made several resolutions concerning the said Petitions (Acta 2016:50-61, 21.3; 62-70, 21.4;71-83, 21.5; 96-100, 21.8; 101-127, 21.2; 128-133, 21.3). The said resolutions were in favour of the 2009 decision and rejected the Petitions of protest.
3.3 Die Kerkrade het kennis geneem van Beswaarskrifte en die besluite daaroor deur die afgevaardigdes van die Gereformeerde Kerke in die Buitengewone Algemene Sinode 2016.	3.3 Church Councils took note of the Petitions and the resolutions by delegates of the Reformed Churches in the Extraordinary General Synod in 2016.
3.4 Nie een van die Beswaarskrifte maak beswaar – soos hierdie Beswaarskrif doen – dat die 2009-besluit valse gesag bedien en met valse gesag op die kerke afgedwing word nie. Acta 2016 toon dat die begrip *'vals'* deur die 'Kommissie Kerkregtelik' (Acta 2016:67, 78, 98, 130 - 3.3; 69, 4.2.1.1), en deur 'n Beswaarskrif teen die besluit dat vroue in die lig van die Skrif in die besondere diens van diakens mag dien (Acta 2016:86, 2.1.1.5.3), gebruik is. Nie in een van die twee gevalle gaan dit oor die valse gesag wat die 2009-besluit bedien nie. 'n Nuwe beswaar – die van valse gesag – teen die 2009-besluit is ontvanklik in die lig van KO, artt 30, 31, 33 en 46.	3.4 None of the said Petitions protested against the 2009 resolution on the basis that it administers false authority or that it is forced on the churches with false authority – as this Petition does. Acta 2016 shows that the concept of "false" was employed by the 'Commission Church polity (Acta 2016:67, 78, 98, 130, 3.3; 69, 4.2.1.1), as well as in a Petition of protest against the decision that in accordance with Scripture, women may serve in the particular service of deacon (Acta 2016:86, 2.1.1.5.3). In neither of the two cases is the false authority administered by the 2009 resolution raised. Consequently this new protest – that of false authority – against the 2009-decision, is acceptable in the light of CO, arts 30, 31, 33 and 46.
3.5 Die besware teen die 2016-besluite is nuwe sake en is ontvanklik in die lig van KO, artt 30, 31, 33 en 46.	3.5 The objections against the 2016-resolutions are new matters and are acceptable in light of CO, arts 30, 31, 33 and 46.
3.6 Die besluite waarteen beswaar gemaak word, word aangehaal in B.1.	3.6 The resolutions objected against, are quoted in B 1.
3.7 Duidelike motivering vir die beswaar word in beswaargronde in C.1-4 gegee.	3.7 Clear justifications for the protest are set out in the grounds of objection in C. 1-4.
3.8 In die lig van bogenoemde oordeel die Kerkrade dat hierdie Beswaarskrif teen die 2009-besluit en die 2016-besluite ontvanklik is.	3.8 In the light of the foregoing, the Church Councils judge that this Petition of protest against the 2009-decision and the 2016-resolutions is acceptable.

4. Vertrekpunte : Beswaarskrif	**4. Basis : Petition of protest**
4.1 *Skrifgetroue : Kerkregering* Die het die Presbiterial wyse van kerkregering aanvaar, omdat dit die mees Skrifgetroue wyse van kerkregering is. Enkele grondbeginsels van die Presbiterial kerkregering (presbiters/ouderlinge) en van hierdie Beswaarskrif is die volgende:	4.1 *Scriptural : Church government* Because Presbyterian Church governance conforms more closely to Scriptural precepts of church governance it has been adopted by the GKSA. Some principles of Presbyterian Church governance (presbyters /elders) and of this Petition are the following:
4.1.1 Solo Christo – Christus is die enigste Hoof en Koning van sy kerk. Hy alleen regeer sy kerk. Christus dra nie sy gesag in die regering van sy kerk oor aan ampsdraers of aan kerklike vergaderings nie. Christus gebruik ouderlinge om sy gesag te bedien in die regering van sy kerk.	4.1.1 Solo Christo – Christ is the only Head and King of his church. Christ alone governs his church. Christ does not transfer his governing powers to office bearers or to ecclesiastical assemblies. Christ calls elders to administer his authority in the government of his church.
4.1.2 Sola Scriptura – Christus alleen regeer sy kerk deur sy Woord en Gees. Christus laat sy gesag in die regering van sy kerk bedien deur presbiters wat besluite oor kerklike sake onder leiding van die Heilige Gees in gehoorsaamheid aan sy Woord neem.	4.1.2 Sola Scriptura – Christ alone governs his church through his Word and his Spirit. Christ administers his authority in the governance of his church through presbyters making decisions on ecclesiastical matters under the guidance of the Holy Spirit and in obedience to his Word.
4.2 *Gesag : Kerklike besluite*	4.2 *Authority : Ecclesiastical Resolutions*
4.2.1 <u>Ware gesag : Kerklike besluite</u>	4.2.1 <u>True authority : Church resolutions</u>
4.2.1.1 Waarheid en die bediening van ware gesag in kerklike besluite is onlosmaaklik verbind aan Christus en sy Woord.	4.2.1.1 Truth and the administering of true authority in ecclesiastical decisions are inseparable from Christ and his Word.
4.2.1.2 Die kenmerke van die ware kerk is dat almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken (NGB, art 29).	4.2.1.2 The marks of the true church are that it governs itself according to the pure Word of God, rejecting all things contrary to it and holding Jesus Christ as the only Head (BC, art 29).
4.2.1.3 Kerklike besluite wat Skrifgegrond en gemotiveer is, bedien ware gesag – die gesag van Christus.	4.2.1.3 Ecclesiastical decisions that are based on and justified by Scripture, administer true authority – the authority of Christ.
4.2.1.4 Kerklike besluite wat die gesag van Christus bedien omdat hulle Skrifgegrond is, is vas en bindend en sal gewillig en blymoedig deur sy kerk gehoorsaam word.	4.2.1.4 Ecclesiastical decisions that administer Christ's authority, because they are based on Scripture, are fixed and binding and will be willingly and joyfully obeyed by his church.
4.2.2 <u>Valse gesag : Kerklike besluite</u>	4.2.2 <u>False authority : Ecclesiastical resolutions</u>

4.2.2.1 Die valse kerk is ‘n werklikheid (NGB, art 29) en daarmee saam, die gevaar van valse gesag in kerklike besluite.	4.2.2.1 The false church is a reality (BC, art 29) and so too the danger of false authority in church decisions.
4.2.2.2 Kerklike besluite wat NIE in die Skrif geanker en gemotiveer is NIE, bedien nie die gesag van Christus nie maar valse gesag.	4.2.2.2 Ecclesiastical decisions which are not based on and justified by Scripture, administer false authority and not the authority of Christ.
4.2.2.3 Die valse kerk skryf aan homself en sy besluite meer mag en gesag toe as aan die Woord van God en wil homself nie aan Christus onderwerp nie (NGB, art 29).	4.2.2.3 The false church assigns more authority to itself and its ordinances than to the Word of God; and it does not want to subject itself to Christ (BC, art 29).
4.2.2.4 Kerklike besluite sonder grondige motivering uit die Skrif, Belydenis of Kerkorde kom neer om menslike versinsels en wette (NGB, art 32) wat mense invoer om God te dien en gewetens te bind.	4.2.2.4 Ecclesiastical resolutions without sound foundation in the Word of God, in the Confessions or the Church Order, boil down to human innovations and laws which men introduce into the worship of God to bind and force our consciences (BC, art32).
4.2.2.5 Christus (solo Christo) en die Skrif (sola Scriptura) alleen bepaal die gesag van kerklike besluite (Spoelstra 1989:143, 3).	4.2.2.5 Christ alone (solo Christo) and Scripture alone (sola Scriptura) determine the authority of ecclesiastical resolutions (Spoelstra 1989:143, 3).
B. BESWAAR : BESWAARSKRIF	**B. OBJECTION: PETITION OF PROTEST**
1. Besluite : Beswaar Beswaar word gemaak teen die volgende besluite deur afgevaardigdes van die GKSA in die Algemene Sinode in 2009 en in die Buitengewone Algemene Sinode in 2016.	**1. Decisions : Protest** Objection is made against the decisions taken by delegates of the GKSA assembled in the General Synod in 2009 and in the Extraordinary General Synod in 2016.
1.1 *Besluit : 2009* Beswaar word gemaak teen die besluit deur afgevaardigdes van die GKSA in die Algemene Sinode in 2009 (Acta 2009:667, 4): ***4. Aanbevelings*** *4.1 Die Sinode spreek sy opregte dank uit teenoor die Kommissie vir die deeglike werk wat gedoen is om ‘n duidelike Rapport vir die Sinode voor te berei.* *4.2 Die Sinode stem aan die hand van die volgende veranderde bewoording van pt 10.15 en 12.10.2 van die Rapport:*	1.1 *Decision : 2009* Objection is made against the decision taken by delegates of the GKSA in the General Synod in 2009 (Acta 2009:667, 4): *(Free translation from Afrikaans)* ***“4. Recommendations*** *4.1 The Synod expresses its sincere gratitude to the Commission for its thorough and clear report.* *4.2 The Synod votes upon the amended wording of 10.15 and 12.10.2 in the Report:*

Die Sinode het in die lig van die behandeling van die Rapport tot die oortuiging gekom	*The Synod came, after reviewing the Report to the conviction*
• *dat vroue in die besondere dienste van predikante en ouderling mag dien* OF • *dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderling mag dien nie.*	• *that women may serve in the special offices of minister and elder.* OR • *that women may not serve in the special offices of minister and elder.*
4.3 Die Sinode wys, ongeag die besluit wat geneem word, 'n ad hoc-kommissie aan om die Sinode te adviseer oor pt 11 van Kommissie-rapport en ander sake wat uit die besluit sou voortvloei. Na ons oordeel moet die vinnige kommunikasie met die gemeentes deur 'n skrywe oor die besluit met die oog op bekendmaking daarvan eerskomende Sondag 5 Julie beskikbaar wees. ***Besluit: Pte 4.1 tot 4.3 word goed-gekeur.*** ***Besluit:*** *Die vergadering besluit volg-ens die goedgekeurde aanbeveling, pt 4.2, dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie.*	*4.3 The Synod appoints, regardless of the decision reached, an ad hoc Commission to advise the Synod on pt 11 of the Commission's report and other matters that would result from the decision. It is recommended that a brief letter be drawn up by Sunday, 5 July advising the congregations of the impending decision.* ***Decision: Pt 4.1 to 4.3 approved*** ***Decision:*** *The meeting decides, in accordance with the approved recommendation under pt 4.2, that women may not serve in the special offices of minister and elder.*
Opmerkings : 2009-besluit 1.1.1 Die afgevaardigdes van die GKSA in die Algemene Sinode in 2009 neem 2 (twee) besluite in die lig van die Rapport van 'n Advieskommissie. 1.1.2 Die eerste besluit keur die aanbe-velings van die Advieskommissie in 4.1 tot 4.3 goed. Hierdeur word die aanbeveling (Acta 2009:667, 4.2) aanvaar dat daar gekies word tussen 2 (twee) opsies – JA of NEE dat vroue in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien. 1.1.3 Met die tweede besluit kies die afgevaardigdes van die GKSA vir die NEE-opsie – dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie.	**Comments : 2009 Decision** 1.1.1 The delegates of the GKSA in the General Synod in 2009 took 2 (two) decisions in the light of the Report by an Advisory Commission. 1.1.2 The first decision approves the recommendations of the Advisory Commission in 4.1 to 4.3. In so doing, the recommendation (Acta 2009:667, 4.2) is accepted to choose between 2 (two) options – YES or NO for women to serve in the particular offices of ministers and elders. 1.1.3 By the second decision, the delegates of the GKSA choose the NO-option – that women may not serve in the particular offices of ministers and elders.
1.2 *Besluite : 2016* Beswaar word gemaak teen die volgende besluite deur afgevaardigdes	1.2 *Decisions : 2016* Objection is made against the following decisions by delegates of the

van die Gereformeerde Kerke in die Buitengewone Algemene Sinode in 2016:	Reformed Churches assembled in the Extraordinary General Synod in 2016:
1.2.1 Besluit oor die Beswaarskrif van die GK Bloemfontein-Suid (Acta 2016:59, 2.11) 2.11 Aanbeveling Beswaargrond 3 slaag nie. Besluit: Goedgekeur.	1.2.1 Decision concerning the Petition of protest submitted by the GK Bloemfontein-Suid (Acta 2016:59, 2.11) 2.11 Recommendation Ground of objection 3 does not succeed Decision: Approve.
1.2.2 Besluite oor die Beswaarskrif van die GK Klerksdorp (Acta 2016:69, 4.2.2.1; 70, 4.3.2.1, 4.4.2.1 en 4.6) 4.2.2.1 Beswaargrond 1 slaag nie Besluit: Goedgekeur. 4.3.2.1 Beswaargrond 2 slaag nie Besluit: Goedgekeur. 4.2.2.1 Beswaargrond 3 slaag nie Besluit: Goedgekeur.	1.2.2 Decisions concerning the Petition of protest submitted by the GK Klerksdorp (Acta 2016:69, 4.2.2.1; 70, 4.3.2.1, 4.4.2.1 and 4.6) 4.2.2.1 Ground for objection 1 does not succeed Decision: Approved**.** 4.3.2.1 Ground for objection 2 does not succeed Decision: Approved**.** 4.4.2.1 Ground of objection 3 does not succeed. Decision: Approved.
1.2.3 Besluite oor die Beswaarskrif van die GK Krugersdorp (Acta 2016:81, 4.1.2 en 4.2.2) 4.1.2 Aanbeveling 4.1.2.1 Beswaargrond 1 slaag nie Besluit: Goedgekeur 4.2.2 Aanbeveling 4.2.2.1 Wat hierdie motiveringspunt betref slaag beswaargrond 4 nie Besluit: Goedgekeur	1.2.3 Decision concerning the Petition of protest submitted by the GK Krugersdorp (Acta 2016:81, 4.1.2 and 4.2.2) 4.1.2 Recommendation 4.1.2.1 Ground for objection 1 does not succeed Decision: Approved 4.2.2 Recommendation 4.2.2.1 As far as this motivation is concerned Ground for objection 4 does not succeed. Decision: Approved.
1.2.4 Opmerkings : 2016-besluite Die 2016-besluite verdedig die 2009-besluit. Met die besluite word besware teen die 2009-besluit afgewys.	1.2.4 Comments: 2016-decisions The 2016-decisions defend the 2009-decision. The 2016-resolutions reject protests against the 2009-decision.
2. Beswaar : Besluite Teen die besluite hierbo in B.1. word beswaar gemaak omdat:	**2. Protest : Decisions** Objection is taken against the decisions set out above in B.1. for the following reasons:
2.1 die besluite valse gesag bedien; 2.2 die besluite met valse gesag op die kerke afgedwing word; 2.3 valse gesag in kerklike besluitneming die bediening van die gesag van Christus verdring en die weg open vir menslike-heerskappyvoering in die	2.1 the decisions administer false authority; 2.2 the decisions are forced upon the churches with false authority; 2.3 the authority of Christ is ousted by false authority in ecclesiastical decisions, which opens the way for human dominion in the church; and

kerk;	
2.4 die kerke, kerklike besluite wat valse gesag bedien, nie as vas en bindend kan en mag aanvaar nie.	2.4 the churches should not and may not hold ecclesiastical decisions administering false authority, as fixed and binding.
Die beswaar word gemotiveer deur die onderstaande beswaargronde.	This objection is justified by the grounds of objection set out below.
C. MOTIVERING : BESWAAR	**C. JUSTIFICATION: OBJECTION**
1. Beswaargrond 1 – Valse gesag: Skrifgesag ontbreek	**1. Ground of objection 1 – False authority : Absence of Scriptural authority**
Die besluit deur die afgevaardigdes van die GKSA in die Algemene Sinode in 2009 (Acta 2009:667, 4) bedien valse gesag omdat Skrifgesag vir die besluit ontbreek.	The decision by the delegates of the GKSA in the General Synod in 2009 (Acta 2009:667, 4) administers false authority because of the absence of Scriptural authority for the decision.
1.1 *Motivering 1 : Beswaargrond 1 – Geen Skrifmotivering : 2009-besluit*	1.1 *Justification 1 : Ground of objection 1 – No scriptural justification : 2009-decision*
1.1.1 Skrifmotivering ontbreek	1.1.1 Absence : Scriptural justification
1.1.1.1 Skrifmotivering vir die 2009-besluit ontbreek.	1.1.1.1 Scriptural justification for the 2009-decision is absent.
1.1.1.2 Geen motivering is gegee vir die aanbeveling deur die Advieskommissie vir ‘n keuse tussen die JA- of NEE-opsie nie (Acta 2009:667, 4.2).	1.1.1.2 No justification is supplied for the recommendation by the Advisory Commission for the choice to be made between the YES- or NO-options (Acta 2009: 667, 4.2).
1.1.1.3 Geen motivering is gegee vir die besluit wat die aanbeveling vir ‘n keuse tussen die JA- en NEE-opsie, goedgekeur het nie. *Besluit: Pte 4.1 tot 4.3 word goedgekeur* (Acta 2009:667, 4).	1.1.1.3 No justification is supplied for the decision approving the recommendation for the choice between the YES- and NO-options. *Decision: Items 4.1 to 4.3 are Approved* (Acta 2009:667, 4).
1.1.1.4 Geen motivering en geen SKRIF-motivering is vir die 2009-besluit, waarmee die NEE-opsie gekies is, gegee nie. *Besluit: Die vergadering besluit volgens die goedgekeurde aanbeveling, pt 4.2, dat vroue nie in die besondere dienste van predikante en ouderlinge mag dien nie (Acta 2009:667, 4).*	1.1.1.4 No justification at all and specifically no Scriptural justify-cation are supplied for the decision choosing the NO-option. *Decision: The meeting decides, in accordance with the Approved recommendation under pt. 4.2, that women may not serve in the special offices of ministers and elders. (Acta 2009:667, 4).*
1.1.2 Neem kennis : Skrifgetuienis	1.1.2 Taking note : Scriptural evidence
1.1.2.1 In die Rapport in 2009 word verskillende teenoorgestelde geloofwaardige en houdbare eksegese van verskillende Skrifgedeeltes ter tafel gebring (Acta 2009:611-664, 10). Hiervan word bloot KENNIS GENEEM deur die afgevaardigdes	1.1.2.1 The Report of 2009 tabled different reliable and trustworthy exegeses of different texts from Scripture (Acta 2009:611-664,10).The delegates of the GKSA in the 2009 Synod merely NOTED the Scriptural evidence tabled in these exe-

	van die GKSA in die Algemene Sinode in 2009 (Acta 2009:665, 12.10.1).		geses (Acta 2009:665, 12.10.1).
1.1.2.2	KENNIS NEEM beteken dat die afgevaardigdes van die GKSA in die Algemene Sinode in 2009, die voorgestelde standpunte in die Rapport – en daarmee die Skrifgetuienis ter tafel – NIE vir hulle rekening neem NIE. Die feit word bevestig deur die aanbevelings van die Kerkregtelike Kommissie aan die afgevaardigdes van die GKSA in die Buitengewone Algemene Sinode in 2016: "*'n Vergadering het, byvoorbeeld, die prerogatief om bloot kennis te neem van 'n voorstel wat hy nie vir sy eie rekening wil neem nie"* Die feit word 4 (vier) keer herhaal (Acta 2016:67; 79; 98; 131, 3.7).	1.1.2.2	NOTED means that the delegates of the GKSA in the General Synod in 2009, DO NOT ADOPT the proposed points of view in the Report and consequently the Scriptural evidence tabled, FOR THEIR OWN ACCOUNT. This fact is confirmed by recommendations from the 'Commission Church polity' to the delegates of the GKSA assembled in the Extraordinary General Synod in 2016: *"A meeting, for instance, has the prerogative to simply take note of a proposal that it does not want to take for its account".* This fact is repeated 4 (four) times (Acta 2016:67; 79; 98; 131, 3.7).
1.1.2.3	Die 2009-besluit (KENNIS GENEEM) beteken nie dat al die Skrifgetuienis wat die NEE-opsie ondersteun aanvaar en dat al die Skrifgetuienis wat die JA-opsie ondersteun verwerp is nie. Oor al die Skrifgetuienis vir die JA- en NEE-opsies is reeds besluit: KENNIS GENEEM (Acta 2009:665, 12.10.1). Die betrokke besluit 'kennis geneem', kan soos onderling ooreengekom, alleen verander word in die lig van KO, artt 31 en 46.	1.1.2.3	The 2009-decision (NOTED) does not mean that all the Scriptural evidence in support of the NO-option was accepted or that all the Scriptural evidence in support of the YES-option was rejected. As far as the Scriptural evidence covering both the YES- and NO-options, a decision had been made. That decision was: NOTED (Acta 2009:665, 12.10.1). As mutually agreed, the relevant decision may only be amended in accordance with CO, arts 31 and 46.
1.1.2.4	<u>Omdat daar slegs kennis geneem is van die verskillende teenoorgestelde geloofwaardige en houdbare eksegese van verskillende Skrifgedeeltes in die Rapport, gee dit nie en kan dit nie Skrifmotivering vir die 2009-besluit gee nie.</u> Daarom is die 'Kommissie Kerkregtelik' se bevindings en aanbevelings by die Buitengewone Algemene Sinode 2016 in die verband nie waar nie.	1.1.2.4	<u>Because the different reliable and trustworthy exegeses of different parts of Scripture in the Report were merely noted, they do not and cannot serve as Scriptural justification for the 2009-decision</u>. Consequently the conclusions and recommendations by the 'Commission Church polity' to the Extraordinary General Synod 2016 in this regard, are not true and boil down to information that is not true.
1.1.2.5	Die Kommissie sê dat die 2009-besluit juis op grond van die Skrifgegewens in die Rapport geneem is (Acta 2016:67, 78, 98, 130, 3.3). Dit is nie waar nie. Die Kommissie bevestig dit self. Die	1.1.2.5	The said Commission states that the 2009-decision was based on the Scriptural evidence in the Report (Acta 2016:67, 78, 98, 130, 3.3). This is not true. The Commission itself confirms this falsehood. The

Kommissie wys dat 'n besluit om kennis te neem beteken dat 'n kerklike vergadering die standpunte nie vir eie rekening neem nie (Acta 2016:67; 79; 98; 131, 3.7). Daar is net kennis geneem van die Skrifgegewens in die Rapport (Acta 2009:665, 12.10.1). Daarom kan die Skrifgegewens in die Rapport nie – soos die 'Kommissie Kerkregtelik' sê – as Skrifmotivering vir die 2009-besluit dien nie.	Commission points out that a decision to take note means that an ecclesiastical assembly does not adopt the relevant proposals for its own account (Acta 2016:67; 79; 98; 131, 3.7). The Scriptural evidence tabled by the Report was merely noted (Acta 2009:665; 12.10.1). Consequently the Scriptural evidence tabled in the Report cannot be presented as Scriptural justification for the 2009 decision, as the 'Commission Church polity' has said.
1.1.3 <u>Gehoorsaamheid aan die Skrif : Behandeling van die Rapport</u>	1.1.3 <u>Obedience to Scripture : Reviewing the Report</u>
1.1.3.1 Die Kommissierapport het aanbeveel dat die afgevaardigdes van die GKSA in die Algemene Sinode 2009 'in gehoorsaamheid aan die Skrif' (Acta 2009:664, 10.15), tussen die JA- en NEE-opsies kies. Die Advieskommissie wysig die aanbeveling en gee geen motivering vir die wysiging nie. Die gewysigde aanbeveling vra, dat die besluit vir die JA- of NEE-opsies NIE 'in gehoorsaamheid aan die SKRIF' NIE, maar 'in die lig van die behandeling van die Rapport' geneem word. So word die besluit aan die kerke bekend gemaak – 'in die lig van die behandeling van die Rapport' het die Sinode tot die oortuiging gekom dat vroue nie in die besondere dienste van predikant en ouderling mag dien nie (Acta 2009:669, 2).	1.1.3.1 The Report recommended that the delegates of the GKSA in the General Synod 2009 choose between the YES- and NO-options 'in obedience to Scripture' (Acta 2009:664, 10.15). The Advisory Commission amended this recommendation and gave no justification for the amendment. The amended recommendation proposes that the decision for the YES- or NO-option option be exercised 'after reviewing the Report' and not 'in obedience to Scripture'. And as such the decision was communicated to the churches – 'upon review of the report' the Synod came to the conviction that women may not serve in the special offices of minister and elder (Acta 2009:669, 2).
1.1.3.2 Die verandering van 'in gehoorsaamheid aan die Skrif' na 'in die lig van behandeling van die Rapport' is nie slegs woordspeling of 'n valse onderskeid soos by die Buitengewone Algemene Sinode 2016 beweer is nie (Acta 2016:67, 78, 98, 130, 3.3). Die 2009-besluit kon nie in gehoorsaamheid aan die Skrif geneem word nie. <u>Om 'n keuse te maak tussen twee verskillende teenoorgestelde opsies wat op geloofwaardige en houdbare eksegese berus sou beteken dat daar genoegsame Skrifgetuienis is om vir een</u>	1.1.3.2 The amendment of the expression "in obedience to Scripture" to "upon review of the Report" cannot be put down to mere semantics or to a false distinction as was alleged at the Extraordinary General Synod 2016 (Acta 2016:67, 78, 98,130, 3.3). The 2009-decision could not have been made in obedience to Scripture. <u>To effect a choice between two opposite options, both of which are based on plausible and sustainable exegesis, requires that there be sufficient Scriptural evidence upon which one option is</u>

van die twee opsies te kies. Sodanige Skrifgetuienis bestaan nie en is nie in 2009 voorgelê vir oorweging in die besluitneming nie. Die 2009-besluit is nie in gehoorsaamheid aan die Skrif of op grond van Skrifgegewens in die Rapport geneem nie.

1.2 *Motivering 2 : Beswaargrond 1 – Skrifmotivering : 2016-besluite*
(Verdere beswaar teen die 2016-besluite en die nodige motivering daarvoor word in beswaargrond 4 gegee).

1.2.1 In die Beswaarskrifte deur kerke ingedien teen die 2009-besluit is een van die besware juis dat daar nie Skrifmotivering vir die besluit is nie (Acta 2016:52, 5.1; 63, 3.1; 65, 3.3; 71, 2; 128, 2). Die afgevaardigdes van die GKSA in die Buitengewone Algemene Sinode 2016 besluit om die besware nie te handhaaf nie (Acta 2016:59, 2.11; 70, 4.4.2.1; 81, 4.1.2.1; 100, 4.1.3.1; 133, 4.3.1). Die 2016-besluite word geneem in die lig van aanbevelings van die 'Kommissie Kerkregtelik'. In die bevindings en aanbevelings deur die Kommissie kom informasie voor wat nie waar is nie. Die volgende is 'n voorbeeld hiervan.

1.2.2 Volgens die Kommissie is die beswaar dat Skrifmotivering vir die 2009-besluit ontbreek slegs 'n bewering – 'n stelling wat nie waar is nie, maar vals (Acta 2016:66, 78, 98, 130, 3.2). Die Kommissie sê dat die 2009-besluit juis op grond van die Skrif geneem is (Acta 2016:67, 78, 98, 130, 3.3). Soos hierbo aangedui in C. 1.1.2.4 en 1.1.2.5 is die stelling van die 'Kommissie Kerkregtelik' nie waar nie maar vals. In die lig van hierdie valse stelling, berus die bevinding oor die beswaar dat Skrifmotivering vir die 2009-besluit ontbreek, op informasie wat nie waar is nie. Informasie wat nie waar is nie lei tot verkeerde besluite. Daarom het die 2016-besluite, die kerke se beswaar dat daar nie Skrifmotivering

chosen above the other. Such Scriptural evidence does not exist and was never submitted in 2009 for consideration towards the decision made. The 2009-decision was not made in obedience to Scripture nor on the basis of Scriptural evidence in the Report.

1.2 *Justification 2 : Ground of Objection 1 – Scriptural justification : 2016 decisions*
(Further objection against the 2016 decisions and justification for such objections are supplied in Ground of Objection 4).

1.2.1 Amongst the petitions of Protest submitted by the churches against the 2009-decision, one of the objections was that there was no Scriptural justification for the decision (Acta 2016:52, 5.1; 63, 3.1; 65, 3.3; 71, 2; 128, 2). The delegates of the GKSA in the Extraordinary General Synod 2106 decided to repudiate such objections (Acta 2016: 59, 2.11; 70, 4.4.2.1; 81, 4.1.2.1; 100, 4.1.3.1; 133, 4.3.1). The 2016-decisions were taken in the light of recommendations by the 'Commission Church polity'. Information that is not true is evident in the conclusions and recommendations of this Commission, of which the following is an example.

1.2.2 The Commission states that the 2009-decision was in fact based on Scripture (Acta 2016:67, 78, 98, 130, 3.3). As indicated above in C. 1.1.2.4 and 1.1.2.5 this statement by the 'Commission Church polity' is not true, but false. Consequently, in view of this false allegation, the conclusion regarding the objection against the 2009-decision, is based on information that is not true. Information that is not true leads to erroneous decisions. Therefore, the 2016 decisions wrongly repudiate the protest that the 2009-decision has no Scriptural justification.

vir die 2009-besluit is nie, verkeerdelik afgewys:	
1.2.2.1 Die kerke maak beswaar en sê – daar is nie Skrifmotivering vir die 2009-besluit nie;	1.2.2.1 The churches object and maintain that there is no Scriptural justification for the 2009-decision;
1.2.2.2 Die 'Kommissie Kerkregtelik' se bevindings en aanbevelings skep valslik die indruk dat daar wel Skrifmotivering vir die 2009-besluit is (Acta 2016:67, 78, 98, 130, 3.3);	1.2.2.2 The conclusions and recommend-dations of the 'Commission Church polity' creates the false impression that Scriptural justification for the 2009-decision does exist (Acta 2016:67, 78, 98, 130, 3.3).
1.2.2.3 In die lig hiervan sê die 2016-besluite dat die beswaar nie geldig is nie;	1.2.2.3 In the light hereof the 2016-decisions hold that the objection is invalid.
1.2.2.4 MAAR – die Kommissie en die 2016-besluite bly in gebreke om enige Skrifmotivering vir die 2009-besluit aan te dui;	1.2.2.4 BUT – the Commission and the 2016-decisions fail to point out any Scriptural justification for the 2009 decision.
1.2.2.5 Die beswaar deur die kerke is waar – daar is geen Skrifmotivering vir die 2009-besluit nie;	1.2.2.5 The objection by the churches is valid – there is no Scriptural justification for the 2009-decision.
1.2.3 Die beswaar is verkeerdelik op grond van informasie wat nie waar is nie afgewys – sonder dat die 'Kommissie Kerkregtelik' of die 2016-besluite die Skrifmotivering in en vir die 2009-besluit uitwys.	1.2.3 The objection is wrongly repudiated on account of information that is not true – whilst the 'Commission Church polity' and the 2016-decisions fail to point out any Scriptural justification for the 2009-decision.
1.2.4 Die 2016-besluite kan nie Skrif-motivering vir die 2009-besluit gee nie. Geen Skrifmotivering kan uit Acta 2009 vir die 2009-besluit aangewys word nie. Meerdere vergaderings is tydelik. Spoelstra (1989:210, 3) wys met motivering uit 'n besluit in 1876 geneem (Acta 1876, art 223) dat 'n volgende vergadering nie die besluite van 'n vorige vergadering kan ver-klaar of motiveer nie.	1.2.4 The 2016-decisions cannot supply Scriptural justification for the 2009 decision. No Scriptural justification can be shown from Acta 2009 for the 2009-decision. Major assemblies are temporary bodies. Spoelstra (1989:210,3) points out on the basis of a decision dated 1876 (Acta 1876: art 223), that it is beyond the powers of a subsequent assembly to explain or justify the decisions of previous assemblies.
1.3 *Motivering 3 : Beswaargrond 1 – Riglyne : Godsopenbaring*	1.3 *Justification 3 : Ground of Objection 1 – Guidelines : God's revelation*
1.3.1 Die besluit deur die afgevaardigdes van die GKSA in die Algemene Sinode in 2009 (Acta 2009:667, 4) bedien valse gesag omdat dit in stryd is met God se openbaring in sy Woord en in sy skepping.	1.3.1 The decision by delegates of the Reformed Churches in the General Synod in 2009 (Acta 2009: 667, 4) contradicts God's revelation in Scripture and in creation and therefore administers false authority.
1.3.2 Geen direkte teks uit die Skrif skryf voor dat vroue in die besondere dienste mag dien of nie mag dien nie (Acta 1997:557, 2.2.3; Acta 2003:600, 5.1.1). Daarom moet daar in die verband deeglik rekening gehou word	1.3.2 No direct text from Scripture directs either that women may or may not serve in the Particular offices (Acta 1997:557, 2.2.3; Acta 2003:600, 5.1.1). Consequently, the broad guidelines of God's revelation should be thoroughly accounted for in this

met die breë riglyne in die Godsopenbaring. Die volgende breë riglyne in die Godsopenbaring moet in besluite oor die vrou in die besondere dienste van predikant en ouderling verreken word:	regard. The following broad guidelines in God's revelation must be taken into account in decisions regarding women serving in the particular of minister and elder:
1.3.2.1 Man en vrou is as beeld van God geskep om as sy verteenwoordigers sy heerskappy uit te oefen, in en oor die skepping (Gen 1:26-27). Man en vrou ontvang die opdrag van God en die seën van God om gesag uit te oefen in hulle heerskappy-taak (Gen 1:28; Ps 8:5-9);	1.3.2.1 Both man and woman were created in the image of God and called to rule over God's creation as His representatives (Gen 1:27-27). Both man and woman received God's blessing and command to rule with authority (Gen 1:28; Ps 8:5-9);
1.3.2.2 Die openbaring in die skepping toon duidelik dat gelowige mans en vroue diensbaar is in die Koninkryk van God waar hulle gesag uitoefen in posisies waar hulle leer en regeer – oor mans en oor vroue;	1.3.2.2 God's revelation in creation clearly shows that both men and women serve the Kingdom of God in positions wherever they administer authority in teaching and governing over men and women;
1.3.2.3 Die voorskrifte van die Here bevestig dat mans en vroue die taak en die verantwoordelikheid het vir die uitoefening van gesag in die huis en in die samelewing (Eks 20:12; Deut 5:16);	1.3.2.3 The instructions of the Lord confirm that both men and women have the task and responsibility to exercise authority at home and in society (Ex 20:12; Deut 5:16);
1.3.2.4 Die bedoeling van God met sy volk (mans en vroue) is dieselfde in die Ou- en Nuwe Testament: 'n koninkryk van priesters (Eks 19:5-6; 1 Pet 2:9; Op 1:5-6). In die koninkryk bedien en verkondig gelowige mans en vroue die gesag en heerskappy van God. Daartoe is hulle verlos;	1.3.2.4 In the Old and New Testaments God's purpose for his people is the same – to be a kingdom of priests (Ex 19:5-6;1 Pet 2:9; Rev 1:5-6). In the kingdom believing men and women administer and proclaim the authority and reign of God. Redemption enables them to do this;
1.3.2.5 In die gawes wat God deur Christus en deur die Heilige Gees aan sy kerk gee (Rom 12:4-8; 1 Kor 12 en 14; Ef 4:7-11; 1 Pet 4:7-11) word geen onderskeid gemaak op grond van geslag nie. Aan gelowige mans en vroue word genadegawes (χάρισμα) gegee tot diens om die kerk as liggaam van Christus op te bou. Die gawes om te preek en te leer word nie op grond van geslag aan mans en nie aan vroue gegee nie.	1.3.2.5 God, in giving gifts to his church through Christ and the Holy Spirit, (Rom 12:4-8; 1 Cor 12 en 14; Efe 4:7-11; 1 Pet 4:7-11), makes no distinction on the basis of gender. Gifts (χάρισμα) are bestowed upon faithful men and women to serve and to edify the church as the body of Christ. The gifts to preach and teach are not bestowed upon men but not on women, on account of gender.
1.3.2.6 Gelowige mans en vroue ontvang die belofte om in die hiernamaals saam met Christus te regeer (Op 2:26; 3:21);	1.3.2.6 Believing men and women receive the promise to rule with Christ in life hereafter;
1.3.3 Die Godsopenbaring in die Woord en in die skepping bevestig dat gelowige mans en vroue in die Koninkryk van	1.3.3 God's revelation in Scripture and in creation confirms that believing men and women serve in his Kingdom – now as well as in the life hereafter – to administer and proclaim his

God – hier en in die hiernamaals – diensbaar is om sy gesag uit te oefen en te verkondig. Die 2009-besluit bepaal sonder enige Skrifmotivering dat vroue in die kerk nie in die leer- en regeerdiens van predikante en ouderlinge mag dien nie. Die 2009-besluit wat vroue sonder die nodige Skrifbegronding verbied om diensbaar te wees in die leer- en regeerdiens in die kerk, is in stryd met die Godsopenbaring.

1.3.4 Hoekom word gelowige vroue, diensbaar in die Koninkryk van God, toegelaat om sy gesag in hierdie wêreld te bedien en te verkondig maar nie in die kerk nie? Die 2009-besluit lei tot 'n onhoudbare teenstrydigheid – die gesag van God in sy Koninkryk mag deur mans en vroue bedien word maar alleen mans en nie vroue nie, mag dit in sy kerk doen. Hierdie teenstrydigheid kan nie sonder duidelike Skrifgronde gehandhaaf word nie.

1.3.5 Die 2009-besluit wat sonder Skrifmotivering in stryd is met die breë riglyne van God se openbaring in sy Woord en skepping bedien nie die gesag van God en sy Woord nie, maar valse gesag.

1.4 *Bevinding : Beswaargrond 1*

1.4.1 Christus regeer sy kerk deur sy Woord en Gees (Spoelstra, 1989:462-464, 1). Daar was en is geen motivering uit die Skrif vir die 2009-besluit waarteen beswaar gemaak word, gegee nie.

1.4.2 Die besluit deur die afgevaardigdes van die GKSA in die Algemene Sinode 2009 om vir die NEE-opsie te kies bedien valse gesag want Skrifgronde vir die besluit ontbreek.

1.4.3 'n Kerklike besluit sonder die nodige Skrifmotivering bedien nie die gesag van Christus nie maar valse gesag. Kerklike besluite waarin die gesag van die Woord bedien word, is vas en bindend. "*In die Woord lê die gesag van enige kerklike besluit*" (Du Plooy, 1979:94). 'n Kerklike besluit wat op valse gesag berus kan nie en mag nie deur die kerke as vas en bindend gehou word nie.

authority. The 2009-decision dictates without any Scriptural justification that women may not serve in the churches in the teaching and governing services of ministers and elders. The 2009-decision contradicts God's revelation by prohibiting women from serving in the teaching and governing offices of the church without the necessary Scriptural justification.

